VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

20 Junie	**Abram Kruger, (94)** Villa Michelle 3, ☎ 082 922 6001. Wyk 13
21 Junie	**Gert Kruger (Snr), (87)** Huis Eikelaan Suidblok 10, ☎ 082 699 6591. Wyk 12
	Louise Kruger, Berts Bricksweg 55, ☎ 081 745 1102. Wyk 19
22 Junie	**Leana Mostert,** Wynnstraat 7, ☎ 084 580 6554. Wyk 4
	Danika Nortjé, Eleazerstraat 31. Wyk 20
25 Junie	**Karel Marais,** De Land Estate, ☎ 072 177 1672. Wyk 7
	Ita Schulze, (88) Huis Eikelaan S41, ☎ 072 203 2567. Wyk 7
26 Junie	**Charlotte Henderson,** Vineystraat 13, ☎ 082 924 0620. Wyk 7
	René Viljoen, Rivierstraat 127, ☎ 064 902 5578. Wyk 16

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit saam kerk toe.

Cup of soup, 2 min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottel-goedseep, toiletpapier. ***Baie dankie vir u ondersteuning.***



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 22 Sondag 20 Junie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling van wyk 11 **Lappies Labuschagne** en wyk 12 **Nico Spaumer**.
Diakens: Wyk 11 **Gert Kruger** en wyk 12 **Gert Kruger.**

EREDIENSTE Beide eredienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

OGGEND: ***Erediens 09:30***
Woordbediening: 1 Petrus 1:1 - 9 (AFR'20).
Fokusverse: 1 Petrus 1: 8 - 9 (vgl. ook vv. 5, 7).
TEMA: ***Uitverkorenes tot 'n lewende hoop wag in hulle lyding met liefde en geloof ín Christus óp Christus.***
Sing: Psalm 150:1, 2, 3; Psalm 86:1, 3; Psalm 130: 3; Skrifberyming 9: 1, 5, 6 (Tema18-1).

AAND: ***Erediens 18:00***
Woordbediening: 1 Korintiërs 6: 9 - 7:16 (AFR'20).
Fokusverse: 1 Korintiërs 6: 20.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 41.
Sing: Psalm 45: 1, 2, 9, 10, 16; Psalm 50: 7, 11; Skrifberyming 29: 1, 8, 9 (Tema18-3).

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die ere-dienste u maskers te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir **GKSA Sustentasiefonds** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Huisbesoeke deur die Woordbedienaars:
In hierdie tyd wat prof Callie en ds Jannes hulle huisbesoeke moet beperk tot "noodgevalle", word lidmate versoek om ons asseblief op hoogte te hou van enige sodanige gevalle. Prof Callie en ds Jannes werk sistematies deur die wyke wat aan hulle sorg toevertrou is. Indien u behoefte het om vroeër deur hulle besoek te word, kontak hulle asb onverwyld en met vrymoedigheid. U sal geakkommodeer word.

Wet op beskerming van persoonlike inligting (POPI-wetgewing)
Daar sal volgende week in die Kerkwerf 'n toestemmingsbrief wees (dit sal ook per e-pos versprei word) waarin u skriftelik toestemming moet gee dat u persoonlike inligting – soos wat dit tans in die gemeente op verskeie wyses gebruik word – voortaan nog so gebruik mag word. U word versoek om toe te sien dat u voor Woensdag 30 Junie 2021 só 'n toestemmingsbrief voltooi en onderteken het. Dit sal van Donderdag 24 Junie af beskikbaar wees.

LIEF EN LEED

Hermien van der Spoel sterk aan na 'n heupvervangingsoperasie.
Koos Nortjé sterk aan na 'n knievervangingsoperasie.
Leoné Malan sterk aan na dubbele longontsteking.
May Vorster sterk aan na 'n skoueroperasie.
Miriam Coetzee sterk aan ná 'n hartaanval.

Jane Coetzee se gesondheid het die laaste weke agteruit gegaan. Sy is tans onder behandeling en ons bede is dat haar kragte weer sal verbeter. Ons bid ook vir haar dogter Tillie wat vir Jane in hierdie tyd moet bystaan.
Marian Roscher moet Maandag 'n delikate oogoperasie in die ooginstituut in Pretoria ondergaan. Ons dra haar in besonder en haar dogter Clarine in ons gebede aan ons hemelse Vader op. Mag die operasie suksesvol verloop en sy die volle gebruik van haar oog weer terugontvang.
Ons doen ook voorbidding vir lidmate en hulle geliefdes wat tans onder behandeling vir Covid-19 is.

Met leedwese maak ons bekend die afsterwe van
Ds Alwyn du Plessis, emerituspredikant van
GK Stellenbosch, op 10 Junie 2021.
Die Troosdiens was Vrydag, 18 Junie 2021 om 15:00 uit die GK Stellenbosch.



Indien daar enige siekte- of ander gevalle in u wyk is waarvan u bewus is, en wat Sondae afgekondig moet word, sal u dit asb deurgee na *ds Jannes* **072 224 7181 of** *prof Callie* **082 337 7951 of** *Malie Wyma* **072 373 7361 of** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

DAGBOEK

Katkisasie

Ons katkisasiewerksaamhede hervat weer ná die wintervakansie. Ons doen in hierdie tyd voorbidding vir al ons jongmense wat besig is met eksamen. Mag die Here julle helderheid van verstand gee en liggaamskragte om hierdie eksamenseisoen tot eer van sy Naam deur te sien!

BYBELSTUDIES:

Do	24/6	18:30	Virtueel	Kontak prof. Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267

VAN ONS KERKRAAD

Attestate:
Bewys van lidmaatskap word afgegee aan Gereformeerde Kerk Die Bult van Adrianus Juyn.

Die spesiale kollektes in Junie 2021 gaan vir:

Sondag	6 Junie	Bybelverspreiding
Sondag	13 Junie	Kinder en Ouetehuise (SDDS)
Sondag	20 Junie	**GKSA Sustentasiefonds**
Sondag	27 Junie	Christelike Onderwys

Die kerkkantoor is weer terug in die konsistorie. **Malie Wyma** is Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 8:00 tot 13:00 op kantoor.

Die Kerkblad

Die Kerkblad het met 'n grootskaalse bemarkingsveldtog begin om die blad bekend te stel en nuwe intekenare te werf. Vir lidmate wat nie ingeteken is nie, is daar gratis kopieë van die jongste en vorige uitgawes beskikbaar by die deur naaste aan die saal. U kan gerus 'n kopie neem en ons vertrou dat meer van ons lidmate dan sal inteken. U is ook baie welkom om met my of **Piet Aartsma** 083 532 9308 te skakel, wat aangebied het om as skakelpersoon van ons gemeente op te tree.

Intekening kan by die Administratiewe Buro gedoen word, of u kan met my skakel by 082 337 7951 **Prof Callie**.

---

is 'n sentrum vir bedieningstoerusting en onder die toesig van die Kuratore en in samewerking met Fakulteit Teologie.

Prof Gert Breed is sedert 1 Januarie 2021 aangestel as direkteur van Expando. Die werk wat intussen al deur Expando gedoen is en beplan word sluit die volgende in:

1. Fassiliteerders vir kerkgroei. Elf gemeentes word tans begelei.
2. Aanbied van konferensies. Expando en Sendingdeputate het in Maart 'n konferensie aangebied.
3. Ouderlinge toerusting
4. Kerkplant
5. Internetplatform
6. Koningskinders
7. Opnames van toerustingsmateriaal.
8. Plattelandse gemeentes
9. Skakeling met korresponderende kerkrade van klasses
10. Gemeentes met besondere toerustingsbehoeftes.
11. Pastorale ondersteuning.
12. Uitnodiging: as gemeentes of Klassis hulp nodig het van Expando kontak prof Gert Breed.

Indien die kerkraad of lidmate bereid is om die werk van Expando finansiëel te ondersteun, kan hulle dit by die GKSA Admin Buro inbetaal:

ABSA, **Rekeningnaam:** Administratiewe Buro, **Tak**: 632005, **Rekeningnr.** 670 140 040, **Verwys**: Expando

Bybelverspreiding:

Geliefde gemeente, U hulp word benodig!
By die kollektesakkies sal u die bybelverspreiding-houertjies vind. Neem gerus een of twee saam huis toe. Die Pil-houertjies kan gevul word met **R2-munte** en die karton silindertjies is vir kontant-donasies. Sodra die pilhouertjie tot bo vol is, borg u 'n Bybel! Die houertjies kan in die kollektesakkies gegooi word of u kan dit aan Benjamin Boersema oorhandig. Kontak hom gerus vir meer houertjies of enige navrae.
Selfoon: 071 382 4620 e-pos: benjaminboersema@gmail.com

Hussein* is een van die suksesvolste evangeliste in die Horing van Afrika. Hy het al honderde Moslems na Jesus gelei – en hy ervaar gevolglik ernstige vervolging. Hy het die dood al dikwels naelskraaps ontduik.
Soos wat hy van dorp tot dorp reis, versprei Hussein digitale Bybels aan dié wat hy na Christus lei. "Ek het op 'n stadium dissipelskap onder 66 mense gedoen. Ek kan nie 66 gedrukte kopieë van die Bybel ronddra nie, maar ek kan 66 digitale Bybels op SD-kaarte ronddra. Ek het aan elkeen 'n digitale Bybel gegee. Dié 66 mense het nog 230 persone na Christus gelei!
"Digitale Bybels op hul eie is sendelinge, omdat hulle vir families en dorpe preek sonder dat ek daar is."
Rus gelowiges toe met 'n digitale Bybel – wat 'n oudioweergawe, Bybel-kommentaar en die Jesus-film insluit – deur jou Geskenk van Hoop.
R35 Gee 'n digitale Bybel aan 1 geheime gelowige
R350 Gee digitale Bybels aan 10 geheime gelowiges
R3500 Gee digitale Bybels aan 100 geheime gelowiges
Saam in Sy diens, ***Jan Gouws**, Uitvoerende Direkteur*
Geopende Deure Suider-Afrika
Vind ons bankbesonderhede hieronder, indien jy 'n donasie deur Internetoorplasing (EFT) wil maak: Geopende Deure - Open Doors NPC
ABSA - Northcliff (632005) Rekeningnommer: 160340568 (Lopende/Tjek)